EREDIENSTYE: HERFS EN WINTER

Die kerkraad en diakens het op Sondag 30 Maart besluit dat voortaan, vir die tydperk van Mei tot Augustus elke jaar, die aanderedienste met ’n uur vervroeg word en om 17:00 op Sondagmiddae sal plaasvind. Die besluit tree op Sondag 4 Mei 2025 in werking.

VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Baie geluk aan die lidmate wat DV gedurende die week hulle verjaardag vier! Saam met u dank ons die Here vir Sy groot genade en bid ons dat Hy u ook in die nuwe lewensjaar ryklik sal seën tot die eer van sy Naam!

Dag	Datum	Naam en van
Vr	18/04	**Dup du Plessis**. Wyk 6
Sa	19/04	**Annatjie Coetzee (92),** Wyk 10

Seënbede met meelewing Psalm 20: 4

HUWELIKSHERDENKINGS

Ons deel in die vreugde en dankbaarheid van ons broers en susters wat in die komende week hulle huweliksherdenkings vier. Mag ons Here u steeds met sy genade vervul en gee dat u in alle godsaligheid en liefde saam verbind lank en heilig mag lewe!

Dag	Datum	Naam en Van
Wo	16/04	Rudy en Nelly van der Spoel (59 jaar)
Vr	18/04	Jan en Petro Kroeze (38 jaar)

HAMBURGERBRAAI

Die volgende gemeente-aand en hamburgerbraai

VRYDAGAAND

25 APRIL 2025

Ons kuier gesellig saam vanaf 17:30 by die saal.
Vir ’n bestelling bel Pieter by die kerkkantoor
☎ 018 294 4600 of ☎ 082 923 1384
R 30 Hamburgers. Worsbroodjies R 30



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 41, nr 13 Sondag 13 April 2025
Redakteur: **Rudy van der Spoel 082 864 4422**
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
Kantoor 018 294 4600 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste, kategese en Huis Eikelaan om 15:30.
Ouderlinge: Wyk 11 **Nico Spaumer** en Wyk 12 **Loffie Eloff**
Diakens: Wyk 11 **Gert Kruger** en 12 **Pieter Bouwsema**
Skinkbeurt: Wyke 9 en 1 **Wyksusters Marli Nortjé en Malie Wyma**

EREDIENSTE

Oggend teologiese student Naldo Kent,
aand ds Jannes van Dyk

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Oggenddiens om 9:30 en aanddiens om 18:00
Eredienste ook per whatsapp

OGGEND: Ons verwelkom teologiese student Naldo Kent wat vanoggend sy eksamenpreek in ons midde aflê. Saam met Naldo verwelkom ons ook prof. Francois Muller wat as eksaminator sal optree. Ons bid Naldo die seën van die Here op sy studies toe en prof. Francois op sy dienswerk aan die Teologiese Skool en ook op die Woordbediening vanmiddag by die erediens in die Kapel van Huis Eikelaan.
Woordbediening: Nehemia 1 (AFR’83).**Fokusverse:** Nehemia 1:5, 6.
TEMA: ***God handhaaf die verbond teenoor die wat Hom lief het, ons kan daarom bid dat sy Koninkryk sal kom, dat Hy ons dienswerk sal seën en dat Hy ons Sondes sal vergewe.***
Sing: Psalm 118:1, 2; Psalm 66:1, 2; Psalm 19:1, 4, 6; Psalm 38:1, 2, 3; Psalm 17:1, 3, 7. **Sing met meelewing:** Psalm 20:4.

AAND: Woordbediening: Openbaring 7; 14:1-5.
Belydenis: Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 2, paragraaf 9.
TEMA: ***Die Here sorg, in die vervulling van sy raad, dat al sy heiliges op die laaste dag rondom sy troon sal vergader***.
Sing: Psalm 125:1, 2, 3; Psalm 33:2, 6; Skrifberyming 18-2:1, 2, 3; Skrifberyming 18-1:1, 4, 5, 6; Skrifberyming 20-2:1, 4, 7 (50) (melodie Psalm 134; ná wegstuurseën).

KOLLEKTES VANOGGEND: ***Diens van Barmhartigheid*** in die **BLOU** sakkies en in die ROOI sakkies vir *Emeritaatsversorging*
VANAAND: **Diens van Barmhartigheid** (BLOU) en **Kerkkas** (ROOI)
Volgende week: Spesiale kollekte is vir *die Kerkblad*

EREDIENS: HUIS EIKELAAN.
Prof Francois Muller, sal met die erediens in die Kapel van Huis Eikelaan vanmiddag om 15:30 voorgaan. Die toesigbeurt sal deur ouderlinge **Nico Spaumer** en **Loffie Eloff** waargeneem word.

LIEF EN LEED OOG VIR MEKAAR

MEEGEVOEL
Ons betuig ons innige meegevoel met en **Gert en Willie van der Walt** en al hulle dierbares. 'n Broer van Gert is Dinsdagoggend oorlede nadat ook 'n suster van hom enkele maande gelede oorlede is. Mag ons hemelse Vader hulle en al hulle dierbares ryklik vertroos deur sy Woord en Gees.

VOORBIDDING
Ons doen graag voorbidding vir die volgende broers en susters en hulle geliefdes. Mag ons hemelse Vader u in sy liefde en trou vashou, dra en ook vir u uitkoms gee: **Wymie du Plessis** het Vrydag 'n roetine ondersoek deur die kardioloog op Klerksdorp ondergaan. Dit is ons bede dat haar besoek aan die dokter positief was. Daarby het Wymie die afgelope week geval en die knie wat onlangs geopereer is, beseer. Ons verseker haar van ons voorbidding vir haar.

VOORSPOEDIGE REIS / WELKOM TERUG
Van ons broers en susters gaan vir korter of langer periodes met reis of met vakansie – ook na die buiteland. Mag ons hemelse Vader u voet op die reispad behoed en u beskerm en veilig na ons terug bring.
Kobus en Marietjie Havenga het vroeër die week na die Kaap vertrek. Hulle skoonsuster is onlangs oorlede en die troosdiens het Vrydag plaasgevind. Daarby word 'n kleinkind van hulle vandag gedoop. Ons leef graag met hulle as familie mee in hulle hartseer en in hulle vreugde en bid hulle 'n veilige terugrit ná die Paasnaweek toe.

DANKBAARHEID
Ons deel in die dankbaarheid en vreugde van ons broers en susters en ook in die dankbaarheid van hulle geliefdes vir wie daar deur ons Here se genade uitkoms gekom het.

ALGEMENE AFKONDIGINGS

PAASFEES ORRELUITVOERING U word hartlik uitgenooi om op **Goeie Vrydag 18 April 2025** direk na die oggenddiens (9 uur) te luister na 'n **30 minute Paasfees orreluitvoering** deur ons eie orreliste. Bring gerus familie en vriende saam.

DAGBOEK

Dag	Datum	Tyd	Aktiwiteit	Vergaderplek
Siekebesoek, pastorale besoeke en huisbesoeke volgens afspraak				
So	13/04	08:30	Hoërskoolkatkisasie	Boverterk
		10:50	Laerskoolkatkisasie	Bovertrek
		15:30	Erediens: Huis Eikelaan Prof Francois Muller TSP	Kapel
Di	15/04	15:00	Bybelstudie Huis Eikelaan	**Kapel**
Wo	16/04	18:00	Bybelstudie	Konsistorie
		18:00	Finansiële Kommissie	
Vr	18/04	09/00	Goeie Vrydag (gesamentlik met GK Potchefstroom-Suid	Kerkgebou
		10:00	Orreluitvoering	
Vr	25/04	17:30	**Gemeente-aand en hamburgerbraai**	**Kerkterrein**

KATKISASIE	Sondag 13 April 2025	Sondag 4 Mei 2025
Hoërskoolkatkisasie	Les 9	Les 10
Lesrooster:	Les 9	Les 10
Psalmvers:	Psalms 38: 1, 17 & 42:1, 5	Psalms 38: 1, 17 & 42:1, 5
Heidelbergse Kategismus:	Sondag 9	Sondag 10
Memoriseerwerk (Gr. 1-2)	Onse Vader, geheel	Onse Vader, geheel

BYBELSTUDIE
• Bybelstudie by Huis Eikelaan, Dinsdag om 15:00 in die Kapel totdat die rooi sitkamer weer beskikbaar is. Almal is welkom.
• Bybelstudie Woensdagaand om 18:00 in die konsistorie. Ons sal begin met 'n inleiding tot die 1 Korintiërbrief. Daarna volg daar sewe byeenkomste met studies uit die boekie van prof. Jorrie Jordaan ("Voëlvlug deur die boeke van die Nuwe Testament). Die boekie is by die Administratiewe Buro beskikbaar, of kan elektronies afglaai word by: https://www.christelikemedia.org/article/vo%C3%ABlvlug-deur-die-nuwe-testament.